

Hoe registreer ek vir belasting?

Jy het ses opsies om vir belasting te registreer:

1. Outomatiese registrasie vir persoonlike inkomstebelasting

Wanneer jy vir die eerste keer vir SARS eFiling registreer en nog nie 'n belastingverwysingsnommer het nie, sal SARS jou outomaties registreer en 'n belastingverwysingsnommer uitreik. Jy moet 'n geldige Suid-Afrikaanse ID hê om vir eFiling te registreer.

Hoe om op eFiling te registreer:

1. Klik op '[Register](#)',
2. Volg die aanwysings.

Jy kan ook op die SARS MobiApp vir eFiling registreer deur dieselfde stappe te volg.

As jy hulp nodig het om vir eFiling te registreer, kyk ons tutoriale video op die SARS YouTube-kanaal deur op die prentjie hieronder te klik.



2. Registreer op die SARS-aanlynnavraagstelsel (SOQS)

Jy kan vir persoonlike inkomstebelasting registreer deur 'n versoek vir registrasie op die [SARS-aanlynnavraagstelsel \(SOQS\)](#) te voltooi.

3. Registreer met die gebruik van SARS USSD-dienste

Die SARS USSD-kanaal gee gebruikers toegang tot SARS-dienste deur 'n dienskode te skakel. Deur *134*7277# te skakel, word gebruikers met 'n kieslys voorsien wat 'n opsie vir registrasie vir persoonlike inkomstebelasting (PIB) insluit. Vir meer inligting, besoek [SARS Mobile Tax Services](#).

4. Registreer deur WhatsApp

Om 'n interaksie te inisieer, hoef belastingpligtiges slegs 'n groet-boodskap, bv. "Hi" of "Hello" te stuur. SARS sal reageer met 'n beskrywing van die diensaanbiedinge, wat registrasie vir persoonlike inkomstebelasting (PIB) en 'n diensversoek-kieslys insluit.

Om met SARS deur WhatsApp te gesels:

- Op jou selfoon: stoor die SARS WhatsApp-nommer, 0800 11 7277, in jou kontaklys.
- Op jou rekenaar: [Klik hier om die SARS WhatsApp-rekenaarweergawe te begin](#) en volg die aanwysings.

Vir meer inligting, besoek [SARS Mobile Tax Services](#).

5. Registreer deur jou werkgever met SARS eFiling

Vra jou werkgever om jou by SARS te registreer. eFiling laat werkgevers toe om hul werknemers by SARS vir inkomstebelasting te registreer. Verwys na die gids oor [Tax Reference Number \(TRN\) Enquiry Services on eFiling](#).

6. Registreer by 'n SARS-tak

Jy kan 'n SARS-tak besoek waar 'n agent jou sal help om vir belasting te registreer. [Klik hier om jou naaste SARS-tak op te spoor](#).

Let wel: Wanneer jy 'n tak besoek, onthou om hierdie [stawende dokumente](#) saam te bring.

Onseker of jy geregistreer is?

Om uit te vind of jy vir inkomstebelasting geregistreer is, vra jou werkgever, gebruik die [SARS-aanlynnavraagstelsel](#) (kies "What's my tax number?" as jou soort navraag), gebruik die SARS WhatsApp-diens of skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277.

Nuttige inligting: SARS sal nie jou [belastingnommer](#) aan 'n ander persoon verskaf nie, tensy die persoon jou belastingpraktisyn is of [volmag](#) het om jou belasting sake te hanteer.

Verseuk 'n Kennisgewing van Registrasie (IT150)

'n Kennisgewing van Registrasie (IT150) sal jou belastingverwysingsnommer aandui. Jy kan 'n Kennisgewing van Registrasie deur enige van hierdie opsies versoek:

- **Stuur 'n navraag aan ons. Jou besonderhede moet met ons rekords ooreenkom.**
- Stuur 'n **WhatsApp** aan SARS om jou belastingverwysingsnommer te versoek. Om 'n interaksie te begin, moet belastingpligtiges eenvoudig 'n groot-boodskap, bv. "Hi" of "Hallo", na 0800 11 7277. SARS sal reageer met 'n beskrywing van die diensaanbiedinge en 'n diensversoek-kieslys. Vir meer inligting, [verwys na hierdie inligting](#).
- Stuur 'n **SMS** na **47277** van jou foon. Tik *TRN*, gevolg deur 'n spasie en jou ID-/paspoort-/asielsoekernommer.
- Versoek jou Kennisgewing van Registrasie op die SARS **USSD**-diens deur ***134*7277#** te skakel en kies "What's my tax number?". SARS sal jou

belastingnommer na jou selfoon stuur en jou kennisgewing van registrasie na jou e-posadres (wat ons op rekord het).

- Versoek jou kennisgewing van registrasie op die SARS MobiApp as jy 'n geregistreerde eFiler is.
- Gebruik **eFiling** om die IT150 te versoek deur "SARS Registered Details" op die kieslys te kies.
- Vra **Lwazi, die kletsbot** wat op eFiling en die SARS MobiApp beskikbaar is.
 - Klik op die kletsbot-ikoon en tik "Hello"
 - Tik "Menu"
 - Die kletsbot sal hierdie persoonlike inkomstebelastingdienste aanbied:
 1. Versoek belastingverwysingsnommer
 2. Versoek 'n rekeningstaat
 3. Versoek opgawe-terugbetalingstatus
 4. Versoek ouditstatus
 5. Versoek kennisgewing van aanslag
 6. Versoek SARS om terug te skakel
 - Tik op kieslysopsie 1 of antwoord deur "1" te tik
 - Lwazi sal dan jou inligting outentiseer deur te vra vir:
 1. Jou ID-/paspoortnommer
 2. Jou selfoonnommer of e-posadres
 - Sodra SARS jou besonderhede geverifieer het, sal Lwazi bevestig dat jou kennisgewing van registrasie (IT150) gegenereer is en per e-pos aan jou gestuur is.
- Besoek 'n [SARS-tak](#). Onthou om 'n [afspraak te maak](#) voor jy 'n tak besoek.

Sedert Julie 2022, registreer SARS sekere individue outomaties vir inkomstebelasting, gegrond op inligting van derdepartye. Individue wat outomaties geregistreer is, sal 'n SMS en 'n brief van SARS ontvang wat hulle van hul registrasie in kennis stel. Die brief verduidelik ook hoe om toegang tot SARS se dienste te kry, en lys hulle regte en verpligtinge.